Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za

Every child *Every chance* Every day | *Elke kind* Elke kans *Elke dag* | Wonke umntwana *Lonke ixesha* Yonke imihla

Geagte Ouers

BORGSKAP-GELEENTHEDE - 2018

Welkom terug by die skool. Ons vertrou dat u almal 'n rustige vakansie saam met u families gehad het.

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om u in te lig oor verskeie borgskap-geleenthede wat by ons skool beskikbaar is.

Kultuur / kuns / musiek

Ons skool bied 'n groot verskeidenheid kulturele geleenthede aan ons leerders en daar is baie maniere waarop u betrokke kan raak. Ons sien uit na ons skool se musiekblyspel in September en sal die borgskap van t-hemde en programme vir hierdie produksie baie waardeer.

Toekennings vir Akademiese, Sport en Kulturele Prestige-aande

Ons drie belangrikste prestige-aande, naamlik die Kultuur Prestige-aand, Sport Prestige-aand en Akademiese Prestige-aand, vind aan die einde van die vierde kwartaal plaas. By elkeen van hierdie prestige-aande ontvang leerders toekennings, soos byvoorbeeld medaljes en klein trofeë. By elkeen van hierdie aande ken die skool 'n aantal spesiale trofeë toe en soms moet 'n nuwe trofeë aangekoop word. Hierdie aande bied 'n wonderlike geleentheid vir besighede of individue om deur middel van die borg van medaljes of trofeë, betrokke te raak.

Borg van sportspanne / sportklinieke

By Laerskool Kenridge is deelname aan 'n sportsoort, ongeag die span waarin die leerder speel, baie belangrik. Ons bied baie geleenthede vir maatskappye om verskeie sportspanne, toere en klinieke te borg en dit is 'n wonderlike manier om blootstelling in die omgewing te kry.

Geborgde gazebo's

Hierdie gazebo's sal vir baie skoolaangeleenthede gebruik word, insluitend galas, sportwedstryde (bv. hokkie, rugby en krieket), fondsinsamelings (bv. Pretstap en OOV-speletjiesdag), atletiekbyeenkomstes, ens. en bied 'n wonderlike bemarkingsgeleentheid. Die naam / logo van u maatskappy word aan die een kant van elke gazebo gedruk, en Laerskool Kenridge aan die ander kant.

Skooltoerusting

Ons het 'n lys van items wat ons graag wil aankoop en sal enige bydrae of toerusting wat ons nodig het, verwelkom.

Indien u besigheid betrokke wil raak by enige van hierdie geleenthede of aktiwiteite, of as u enige verdere inligting benodig, stuur asseblief 'n e-pos aan kim.friedrich@kenridge.org.za.

Neem ook asseblief kennis dat alle donasies / borgskappe wat deur u maatskappy gemaak word, ook van belasting verhaalbaar is. Ons is gemagtig om 'n Seksie 18A-vorm uit te reik indien u dit sou verlang.

Baie dankie vir u ondersteuning.

Die uwe

K. Friedrich (Mev.)
Bestuurder van Borgskappe

S. R. Smith (Mev.)
Skoolhoof

GROEI GROW